



1 Februarie 2003

Posbus 1615
Bethlehem, 9700
Tel/Faks: (058) 303 9640

BESTUURSINLIGTING

BELASTINGBEPLANNING: HOU LINKS, GAAN REGS VERBY

Hoewel die klimaatstoestande op die oomblik baie wispelturig is, was die finansiële jaar wat binnekort op 28 Februarie eindig 'n goeie jaar vir die landbou. Dit is dus nodig dat boere betyds hulle belastingberekenings moet doen sodat hulle vir belasting kan beplan.

NUUSBERIG

Graanboere beleef op die oomblik 'n senutergende tydperk. Die koringoes se opbrengs was baie matig terwyl die skerp daling van pryse in November boere onkant betrap het. Tog was daar 'n bevredigende inkomste gegeneer. Die somergewasse dobbel tans met die wisselvaligheid van die El-Nino en daarom is belasting waarskynlik die laaste ding waaraan boere op die oomblik dink.

Die finansiële jaar wat nou aan die einde van Februarie gaan eindig, strek egter van 1 Maart 2002 en dek die twaalf maande tot en met Februarie. Binne hierdie periode was daar 'n uitstekende mieliesoes gewees en was die vleis- en wolpryse ook van so 'n aard dat daar goeie winste met vee gerealiseer is. Die belastingprentjie, soos op 28 Februarie 2003, kan dus 'n onaangename verrassing vir die onoplettende boer inhou.

Die vraag is nou wat moet die boer doen om minder belasting te betaal? Die versoeking is groot om summier hierop te antwoord dat die boer sy belasting moet betaal en klaar kry maar die wet sê darem dat, hoewel elke burger belasting moet betaal, niemand meer belasting moet betaal as wat werklik nodig is nie.

Wetlike aspekte

Besparingsmaatreëls wat buite die wet val word as ontduiking beskou. Die belastingpligtige ontduik dus die belasting wat betaalbaar is. Hy bank nie die kontantinkomste van aartappelverkope nie. Hy verkoop slaglammers, hoenders en melk vir kontant en bêre die "warmgeld" in sy kluis. Die ontduiker gee ook 'n hoër loonbedrag op as die werklike. Hy eis ontwikkelingsuitgawes vir 'n dam wat nooit gebou is nie. Sy belasbare inkomste is dus heelwat minder as die werklike syfer en hy ontduik die betaalbare belasting daardeur op onwettige wyse. Ontduiking is 'n kriminele oortreding en die belastingpligtige wat daarvan gebruik maak, stel hom aan vervolging bloot.

Wanneer die belastingpligtige belasting vermy, bly hy binne die wet. Hy betaal minder belasting deur al die wettige maatreëls tot sy beskikking te gebruik. Sy verklaarde inkomste strook met sy werklike syfers. Hy het sy betaalbare belasting verminder en sodoende 'n hoër belastingaanslag vermy deur niks meer belasting te betaal as wat die wet van hom vereis het nie. Hy het hom dus nie aan 'n misdryf skuldig gemaak nie en kan nie vervolgt word nie.

Skuld

Die skulddlas van boere was vir etlike jare onder groot druk gewees en menige boer het net een doel voor oë gehad en dit was om uit sy skuld te kom. Die afgelope twee jaar was boerdery-inkomste op so 'n vlak dat die meeste boere hulle skuld wel binne anvaarbare perke kon kry. Moet dus nie nou nie in twee weke weer skuld gaan maak net om belasting te vermy nie! Onthou, daar is nog nie 'n belastingbetalende boer wat bankkrot gegaan het nie. Hulle word inteendeel net ryker terwyl daar baie boere is wat nooit belasting betaal het nie wat die onderspit delf.

Trekkings

Volgens COMPUTUS se syfers het sy groep boere die afgelope vyf jaar gemiddeld R170,000 per jaar per gesin aan totale trekkings bestee. Dit sluit versekering, medies, skoolgelde, kos en klere se uitgawes in. Met die uitsondering van 'n gedeelte van die medies en annuïteite, is hierdie uitgawes nie aftrekbaar vir belasting nie. Dus behoort 'n boer ten minste op sy trekkings vir 'n betrokke jaar belasting te betaal. Indien hy dit nie doen nie, oorlaai hy sy boerdery-uitgawes om sy trekkings vir belastingdoeleindes te dek en dit kan alleen gebeur as hy skuld maak om boerdery-uitgawes aan te gaan. Indien hy dit vir tien jaar lank doen, steek hy R1,7 miljoen se privaatuitgawes binne die boerdery weg. As hy dan nie reeds bankkrot is nie, sal hy by sy uittrede agterkom dat daar dan belasting in een of ander vorm betaalbaar gaan wees. Dit sal in die die vorm van inkomstebelasting, boedelbelasting, skenkingsbelasting of kapitaalwinstbelasting wees.

Prioriteite

Daar is niks mee verkeerd om uitgawes vooruit aan te gaan nie, solank dit binne die boer se normale aktiwiteite en strategie val. Die boer behoort die volgende in prioriteitsvolgorde te doen:

- Bekalk die grond wat vir die goeie oeste verantwoordelik was;

- Vervang trekkers en implemente binne die normale vervangingspatroon;
- Koop saad, kunsmis en onkruidodder vooruit vir die volgende oes. Dit het kontantvloei voordele om altyd 'n oes vooruit te wees.
- Koop vee aan binne die dra vermoë van die plaas. Dit verbeter die solvabiliteit van die boerdery en skep 'n kontantvloei reserwe vir tye wanneer dit weer moeilik gaan;
- Neem 'n eenmalige annuïteit uit van 15% van die belasbare inkomste uit.

Indien daar van skuld gebruik gemaak word om bogenoemde uit te voer, maak seker dit kan binne die volgende ses maande betaal word of dat huurkope binne drie jaar afbetaal kan word.

Voorrade

Baie boere dink dat dit wettig is om geeste graanvoorrade vir belastingdoeleindes terug te hou. Dit is nie die geval nie. Dit is net baie moeilik vir die Ontvanger om te bewys dat die klaarvoorraad reeds op 28 Februarie in die boer se besit was. Dit is beslis die geval met graan wat op die plaas gestoor word maar graan wat by 'n koöperasie opberg word kan deur middel van 'n silosertifikaat geverifieer word as dit nodig is.

Slotsom

Dit is nie die doel om met hierdie advies 'n lansie vir die owerheid te probeer breuk nie. Dit is egter 'n feit dat die betaal van belasting 'n oeroue wet is, ongeag wie die regering is. Dit is totaal 'n ander debat om oor die morele regverdiging van 'n spesifieke regering se belastinginvordering en –spandering te argumenteer. Wat waar is, is dat dit nie 'n grondige argument is om aan te voer dat iemand nie belasting hoef te betaal omdat hy nie van die regering hou nie. Dan kan ons net sowel aan die regterkant van die pad ook ry omdat ons nie van die regering hou nie want hulle hou daardie wet ook in stand. Die

betaling van belasting hou dus nie verband met die voorliefde van die betaler vir die regering van die dag nie. Dit gaan daaroor dat hy 'n wins vir die jaar op grond van goeie bestuurspraktyke gegenereer het en dat hy daarop belasting moet betaal. Probeer hy die belasting uitskakel, gaan hy die wins ook uitskakel.

Bethlehem
Januarie 2003